

BEGIN EN EINDE

VAN DIE HEIDENBEDELING



Goeienaand, vriende. Ek is baie dankbaar om hier te wees, vanaand, weer. Pas hiervandaan vertrek, 'n rukkie gelede. Ek dink, omtrent vieruur uitgekom. En dan moes ek . . . ons het afgegaan om nog 'n paar vriende te sien. En teruggekom, vyf minute oor sewe, moes net weer afkom. So ek moet soort van soek vir 'n teks, nog, Broer Neville.

² Maar, nou, daar is 'n versoek wat pas ingebel is, van iemand in Chattanooga, Tennessee, 'n geliefde wat in 'n ongeluk was drie weke gelede, en bewusteloos lê, steeds. En versoek gebed hier, van die kerk. En . . .

³ [Broer Neville sê: “Broer Bill?”—Red.] Ja, broer? [“Kan ek 'n aankondiging maak?”] Jy kan beslis. Broer Neville, kom net. [“Verskoon my, Broer Bill.”] Ja, meneer. [“Ek het net amper vergeet. Ek het 'n belofte gemaak om 'n aankondiging te maak vanaand.” Broer Neville maak die aankondiging. Leë kol op band.]

⁴ Ons het—ons het gepraat oor Melgisédék, Wie Hy was, en ons het glad nie daarmee klaargemaak nie. Maar miskien, die volgende keer inkom, kan ons daarvandaan voortgaan, steeds in die Boek van Hebreërs.

⁵ Maar, vanaand, blaai ons oor na die Boek van Daniël. En julle met julle Bybels, blaai na Daniël 12. En ons gaan 'n bietjie lees daaruit, en praat, miskien, oor iets van God se Woord uit die Boek van Daniël.

⁶ Nou, Daniël was een van die . . . was die profeet wat weggevoer was uit Jerusalem, af na Babilon, in die wegvoering van Babilon, deur Koning Nebukadnésar. Hy was 'n jong kêrel toe hy afgegaan het in Babilon. Daar was nie veel van hulle wat steeds die goeie ou geloof behou het nie.

⁷ Ek hou van Daniël, want sy . . . hy het hom voorgeneem in sy hart, toe hy afgegaan het in Babilon, dat hy 'n gelowige gaan bly, en dat hy homself nie sou besoedel met die koning se spyse, ensovoorts nie.

⁸ Nou, die einste ding wat Daniël was, die profeet aan die Heidene. Daniël het die hele Heiden eeu sien opkom en val. Hy was die eerste een om, soos ons noem, die Heidense profeet te wees. Hy was nie 'n Heiden, self nie. Maar hy het die Heidenbedeling gesien, van begin tot einde; in die kop van goud, en opeindig in die voete van yster en klei.

⁹ En terwyl hy daaronder was, het hy hom voorgeneem in sy hart dat hy homself nie sou besoedel met die koning se spys en die koning se sake nie.

¹⁰ En nog 'n groep broer, genaamd Sadrag, Mesag en Abednégo, was daaronder saam met hulle; wat nie profete was nie, maar gelowiges. En hulle, het ook voorgeneem in hulle hart. En toe toe daardie vier gelowiges bymekaar gekom het, sou ek my voorstel, het hulle redelik dikwels bidure saam gehou.

¹¹ Net soos ons maak, ons kom bymekaar omdat ons dinge in gemeen het. Julle weet, daar's 'n ou gesegde wat sê: "Soort soek soort." En dis 'n ou spreekwoord, liewer. En dis 'n baie goeie ding, ook. Soort soek soort. Is julle nie bly daaroor nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Soort soek soort.

¹² Nie lank gelede nie, het ek in 'n diens gesit waar daar 'n man was wat iets bespreek het. En hy het gesê: "Wel. . ." hy het gepraat oor die siele wat in die gevangenis ingegaan het, in die gevangenis was, na wie Jesus gegaan en voor gepreek het, na Sy dood. En hierdie man wat gepraat het, het gesê: "Wel, wat dink julle daarvan?"

¹³ En 'n gekleurde broer het opgestaan. Hy het gesê: "Wel, dis net wat die Bybel gesê het. 'Hy het gegaan en gepreek vir die siele wat in die gevangenis was.'"

Gesê: "Wat dink jy was dit?"

¹⁴ Gesê: "Dit was die 'Siele wat nie bekeer het, in die lankmoedigheid, in dae van Noag, terwyl die ark voorberei is nie,' net soos die Bybel gesê het."

¹⁵ Hy het gesê: "Nee." Gesê: "Dis hierdie kerk, wat preek aan daardie Pinkstermense, wat in hierdie denominasies en alles is, en hulle uit die gevangenis bring."

¹⁶ Hy het gesê: "Nou, kyk hier, broer." Hy het gesê: "Pinkster is nie eens daar genoem nie. Hy het dit gesê. Hy het net gesê, dat: 'Hy gegaan het en gepreek het vir die siele wat in die gevangenis was.'"

So ek het gesê: "Amen. Dis reg."

¹⁷ En die prediker het omgekyk na my, en gesê: "Soort soek soort."

¹⁸ Ek het gesê: "Dis reg, broers van eenderse kosbare Geloof, wat glo net wat die Skrif sê is die Waarheid."

Daniël het drie van daardie metgeselle gehad wat saam met hom was.

¹⁹ Julle weet, dis goed, wanneer jy weg is van die huis, om iemand te vind wat saam met jou is, iemand wat by jou sal staan, 'n ware goeie vriend. O, goeiste! In vreemde lande, as jy iemand vind wat jou vriend wil wees, en jou liefhet en by jou staan, is dit soveel werd; veral 'n vreemdeling.

En hierdie broers was weggeneem uit hulle stad.

²⁰ En hulle stad was verbrand. En al hulle voorwerpe, en die heilige dinge van God, is weggeneem na Babilon, en is in die skathuis van Koning Nebukadnésar gesit, wat hulle weggevoer het, 'n groot, vername Heidense koning. Nou, as—as God dit toegelaat het, vir hulle stad om verbrand te word, hulle kerk verbrand, en hulle af te neem in die stad, was dit omdat hulle weggedwaal het van God.

²¹ Maar Hy het steeds 'n gelowige gehad waarop Hy Sy hande kon plaas, en sê: “Hierdie is my dienaar.”

²² God het altyd 'n getuie, iewers gehad. Hy laat Homself nooit sonder 'n getuie nie. Maak nie saak, dis . . . het partykeer gekom by net een, maar Hy het altyd iemand waarop Hy Sy hande kan plaas, en sê: “Hierdie is My dienaar, en hy sal doen soos Ek hom sê.” Nou, ons hou daarvan.

²³ Let dan op, dat, toe hierdie broers daaronder was, is hulle op die proef gestel.

²⁴ Baie mooi voorbeeld van waarby 'n ware gelowige kom, as hy werklik die Here Jesus as sy Verlosser aanvaar. Hy word altyd op die proef gestel. Satan is steeds in die toets besigheid. En dit gebeur net om jou te help. Dis vir jou beswil.

²⁵ “Elke seun wat na God kom, moet getoets, getugtig, gekasty word,” met ander woorde: “'n bietjie slae kry, reggeruk word. En as God ons bietjie slae gee, en ons kan dit nie verduur nie, dan word ons buite—egtelike kinders, en nie die kinders van God nie.”

²⁶ Nou, 'n man wat werklik sy gesig gerig het op die Hemel, maak nie saak wat hier op die aarde plaasvind nie, hy het steeds sy gesig gerig op die Hemel. Sy vriende mag hom versaak. Sy familie mag hom versaak. Sy pastoor mag hom versaak. Maar daar is Een wat hom nie sal versaak nie; dis God. En wanneer jy jou besluit gemaak het! Ek hou daarvan.

²⁷ Daniël het al die brûe agter hom verbrand. Hy het nie beplan om weer terug te gaan nie. Hy het nie sy voetspore dopgehou nie. Hy het gekyk, daardie dinge wat in die verlede was, versaak. Hy het gejaag na die doel van die hoë roeping. Dis wat ons behoort te doen. Dis wat die Kerk behoort te doen.

²⁸ En soos ek oplet, toe, het God Satan toegelaat om hom die toets te gee. En, o, hulle het hulle beproef, met die vuur. Hulle het hulle beproef, ook, met die leeu kuil. En, elke keer, het God hulle uitgebring, meer as oorwinnend.

²⁹ “Menigvuldig is die beproewinge van die regverdige, maar uit die almal red God hom.” Hoe wonderlik is dit! Hoe ons dit waardeer. Beproewinge, verdrukkinge, toetse, wat alles ten goede saamwerk! Naderhand, kan God dan sien dat Hy Sy vertrouwe in jou kan plaas, en dan sal Hy groot dinge vir jou doen.

30 Nou vind ons uit, dan, dat Daniël 'n instrument in die hand van God, terwyl hy weg was van sy eie mense, buite sy eie stad, weg van sy eie kerk. In 'n vreemde land, het God hom gebruik.

31 Nou, jy kan weg wees van wat jy ook al mag wees. Jy kan weg wees van al jou geliefdes, of jy kan weg wees van jou kerk, maar jy kan steeds 'n instrument in die hande van God wees. God kan jou gebruik vir 'n getuienis, of vir enigiets, waarvoor Hy jou wil gebruik.

32 Pragtige voorbeelde! Die Bybel is net so volgeprop van daardie dinge, waar jy ook al blaai. Hou julle nie daarvan om die Woord te lees nie? [Gemeente: "Amen."—Red.] O, ek lees Dit net, partymaal, en huil.

33 Hier 'n paar dae gelede, het ek in die kamer daar gelees, en ek moes net gaan sit en huil soos 'n baba. Ek het opgestaan en om my stoel geloop, my hand op my stoel geplaas, weer afgekyk na my Bybel; ek het net uitgebars. Weer om die stoel gegaan, weer teruggekyk daarna. Ek het gedink: "O God, daarbinne is Ewige Lewe, aan elke man of vrou wat sal waag om hulle vertrou. Daarin te plaas, en Dit te glo." Ewige Lewe!

34 En Hy het gesê: "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het, en Dit is Dié wat van My getuig." Ondersoek die Skrif.

35 "Die Woord van God is 'n lamp voor ons voete," dat ons—dat ons gelei sou word, dan. Dis die Lig wat die paadjie volg wat ons lei van oorwinning na oorwinning.

36 Nou, voor jy 'n oorwinning kan hê, moet daar 'n stryd wees. En as daar geen stryd is nie, is daar geen oorwinnings nie. So ons behoort dankbaar te wees vir die stryd en die beproewinge, en dis God wat ons die geleentheid gee om oorwinnings te hê. O, goeiste! Maak dit julle nie nou 'n bietjie beter nie? Sien? Die stryd breek aan; iemand wat iets slegs van jou sê; siekte kom oor jou. Miskien gee God jou daardie ligte beproewinge, dat Hy jou mag genees en Sy guns aan jou bewys, jou laat sien wat Hy daarmee bedoel: Hy het jou lief.

37 Die ou skaapwagter storie wat daar in Jerusalem vertel is, in die heilige lande, van 'n skaapwagter wat 'n—'n skaap dra. En hy het gesê: "Hoekom dra jy dit?"

Gesê: "Dit het 'n gebreekte been."

Gesê: "Hoe het dit dit gedoen; oor 'n krans geval?"

Gesê: "Nee. Ek het sy been gebreek."

38 Hy het gesê: "Tog, jy's 'n wrede skaapwagter, om daardie skaap se been te breek."

39 Gesê: "Nee. Ek het dit lief." En gesê: "Dit het weggedwaal, en ek kon dit nie na my laat luister nie. So, ek het sy been gebreek, sodat ek dit 'n bietjie ekstra aandag kon gee, so dan sou dit my liefhê en my volg."

⁴⁰ Partymaal, moet God ons laat ineenstort, net 'n klein bietjie, in gesondheid, om ons 'n bietjie ekstra aandag te gee, om ons op Sy skoot te kry, om ons nader te trek aan Sy bors. Toe die dokters gesê het niks kan gedoen word nie; dan neem Hy ons teen Sy bors, sê: "Sien, Ek het jou lief. Ek gaan jou laat gesond word." Sien? O, maak dit nie net die lewe 'n bietjie beter nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, Hy is so wonderlik! Hy's 'n wonderlike Herder. Is Hy nie?

⁴¹ Geen wonder Dawid het gesê: "Die Here is my herder. Niks sal my ontbreek nie." En hoe Hy ons lei langs stille waters; en hulle siel verkwik; en ons bekere laat oorloop; en—en ons self in die teenwoordigheid van die teestanders! Is jy ooit gesalf in die teenwoordigheid van jou teestanders? Net om te getuig totdat jou beker net oorgekook het, julle weet. Net hoe wonderlik is dit om gesalf te word wanneer in die teenwoordigheid van jou vyand!

⁴² Nou let op, toe, het God Koning Nebukadnésar geneem, en hom 'n instrument in Sy hand gemaak. En toe Koning Nebukadnésar gesterf het, nadat hy het...Die gras het uitgegroe; sy hare, soos leeu, of soos arendvere; en sy vingernaels soos die kloue van die arend, ensovoorts. En God moes hom laat weet Wie die ware Koning was.

⁴³ Na sy dood, het Bêlsasar, sy kleinseun, hom opgevolg. En, toe, was hy boser as Koning Nebukadnésar. En een aand, daar, het hulle 'n yslike groot partytjie gehad. Hulle het al hulle—hulle magistrade en al die offisiere ingeroep, vir 'n yslike groot gefuif. En terwyl hulle hierdie gefuif gehou het, en hulle was...gegaan het, en uitgeroep het, en die voorwerpe geneem het, die heilige voorwerpe van God; net om met God te spot, en wyn tot hulle gode gedrink het, 'n heildronk, uit die voorwerpe van die Here.

⁴⁴ Nou, 'n mens word toegelaat om so ver te gaan, maar daar is 'n skeidslyn tussen Lewe en dood. Jy moet nooit daaroor gaan nie. Sien? Jy kan voortgaan met jou bietjie dwaasheid vir 'n tydjie, maar jy beter weet waar die lyn is. Het die Here jou ooit gekeer in enigiets? Hy keer, almal van ons, trek die teuels in, sê "Dis nou ver genoeg." Dan beter jy kyk wat jy doen, van dan af aan, as jy oorstap na daardie lyn.

⁴⁵ En daardie aand, toe God die teuels intrek op hom, en hy wou nie luister nie. Gaan ondertoe en bring die voorwerpe van die Here uit, begin wyn drink, en 'n heildronk aan hulle god. Toe het daar 'n hand afgekom uit die Hemel, en geskryf op die muur: "MENE, MENE, TEKEL, UFARSIN." Beteken: "U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind." Niemand kon dit uitleë nie. Dit was onbekende taal.

⁴⁶ En daar was 'n man daar, wat die gawe van uitleg gehad het, Daniël, so hy kom af en lê uit en vertel die koning wat sou gebeur. En, daar, het God daardie volk, Babilon, verwoes.

47 Onderwyl, Daniël, daar was, het hy groot visioene gesien, en oor hulle geskryf, vir hierdie groot troos wat ons vandag het, om te ken, en in orde te plaas, die einde van die Heidenkoninkryk.

48 Let op hoe perfek. Let nou net goed daarna op. Hy het gesien, eerstens, die beeld wat in die veld staan, toe hy die droom van die koning uitlê.

49 Hy was 'n geestelike man. Hy het drome gedroom, visioene gesien, drome uitgelê. God was met hom, en elkeen het dit ook geweet.

50 En toe hy die visioen gesien het, die kop van goud, en die bors hier van silwer, en die heupe van koper, en die voete van yster, let op, elke koninkryk het 'n bietjie harder geword. Koning Nebukadnésar se koninkryk was die kop van goud. Hy het dit uitgelê, hom net presies vertel hoe hierdie koninkryke mekaar sou opvolg tot die einde. Let dan op, vanaf goud, is die sagste, is silwer volgende, dan is koper volgende, dan is yster volgende; harder, harder, kouer, verder weg!

51 Let op, dan, te midde van dit alles, het Daniël die beeld aanskou totdat die Rots uit die berg gekap was, wat uitgesny was sonder hande. Dit het in die beeld vasgerol en dit gebreek, en dit soos koring op die somersdorsvloer gemaak, en die winde het dit weggewaai. "En die Rots het 'n groot berg geword, wat die hele aarde en die see gevul het." Dit was die Koms van die Here Jesus, wat nou op hande is.

52 Hy gaan voort. Toe hy onder by die rivier was, eendag, het hy in 'n vervoering verval en 'n visioen gesien. Baie van hulle wat saam met hom was, hulle het nie die visioen gesien nie, want dit was slegs aan Daniël gegee. Sien julle dit?

53 Iemand kan reg langs jou staan, en dinge sien wat jy nie kan sien, om jou lewe te red nie. Dis reg. Iemand het gesê: "Ek glo dit nie. Ek het nooit niks gesien nie." Want dit was nie vir jou om dit te sien nie.

54 Hulle wat saam met Paulus was, toe Paulus van sy perd af neergefel was en in die stof moes val; en rol, soos dit was, in die stof; het geeneen van hulle daardie stem gehoor of daardie visioen gesien nie. Paulus het Dit gesien.

55 Geeneen van hulle het die ster gesien wat verby die elke sterrewag gegaan het, behalwe die wyse manne nie.

56 Baie dinge, daardie manier, het God bestem vir sekere mense om te sien en ander kan nie sien nie. O, ek hou daarvan! Toe God, in Sy oneindige wysheid voorbestem het, of verordineer het, vir sekere dinge om te gebeur, kan dit gebeur met die persoon wat reg langs jou sit, en jy sal niks daarvan weet nie.

⁵⁷ Kyk na Dotan, toe Elía onder by Dotan was, en hulle heeltemal omsingel was daar by die—by die vyande wat ingekom het, die Siriese leër; wat gesoek het na Elía, die profeet. Want toe, hulle begin uitvind het, elke keer wat die Siriërs sou oorkom na Israel, om oorlog te maak, tog, die Israëliete in hinderlaag sou lê vir hulle.

⁵⁸ En so het die koning van Sirië hulle nadergeroep, en gesê: “Nou, wag ’n oomblik. Wie is vir ons, en wie is vir Israel?” Gesê: “Iemand in my groep is ’n spioen, wat vir Israel gaan vertel net waar ons inkom, want hulle wag altyd daar vir ons.”

⁵⁹ En een man het ’n bietjie geestelikheid omtrent hom gehad. Hy het gesê: “Nee, my vader. Maar dis die profeet Elía, want hy weet, in sy slaapkamer, wat jy jou volgende skuif gaan maak.” Amen.

⁶⁰ O, wanneer atoommagte begin skud, is ek so bly dat die Woord van God ons vertel het waarnatoe om te gaan. Vlug na die Rots, Christus Jesus! Elke mens is veilig en beskut Daarin. Niks kan jou skaad nie. Geen atoombomme, geen kobalts, niks anders, kan die beskermdes van God aanraak nie; veilig, beskut, geanker. Wat ’n wonderlike hoop wat ons in Christus Jesus het!

⁶¹ Let op, daar was ’n man saam met hom. Sy dienaar, geestelike seun, gewandel en water gegooi op die hande van die profeet, ’n groot posisie wat hy gehad het. Maar toe hy die—die Siriese leër oral rondom Dotan gesien het, dit heeltemal omsingel het, het hy gesê: “My vader, kyk daarbuite! Wat ’n groot getal! Tog, ons is omsingel!”

⁶² Nou, dis die natuurlike, wanneer alles blyk verkeerd te gaan; hulle vinger wys na jou, *dit* en *dat* sê; en die dokter sê jy kan nie gesond word nie, ensovoorts. Dis net die natuurlike ding, vir jou om te dink: “O, goeiste, hierdie is die einde!”

⁶³ Maar Elía het gesê: “Daar is meer met ons as wat daar met hulle is.”

⁶⁴ Nou kan julle julle voorstel hoe daardie profeet, of daardie Gehási, daardie dienaar, gevoel het. Hy het na hom gekyk. Hy het gesê: “Tog, ek sien niemand nie.”

Hy het gesê: “God, open hierdie seun se oë.”

⁶⁵ En so gou soos God iets gedoen het! Hier is dit. Kry dit. Toe God sy geestelike sig geopen het; oral om daardie profeet, het Vuurwaens en Engele van Vuur gestaan. Tog, hy het gesien die... Tog, die Vuurwaens was meer as die Siriese leër, by die duisende. Die berge was aan die Brand; Engele van Vuur, perde van Vuur, Vuurwaens.

⁶⁶ En die Bybel het gesê: “Die Engele van God trek ’n laer rondom die wat Hom vrees.”

⁶⁷ Net dieselfde vanaand! Ek wonder wat sou gebeur as 'n man hier, vanaand, die mag gehad het om oor julle oë te slaan, en te sê: “Kyk, wat hierdie tabernakel omring vanaand!” Jy sou die res van jou lewe 'n lidmaat hier wees. Sekerlik. Ja, meneer.

⁶⁸ Partykeer kan jy Dit nie sien met jou natuurlike oë nie, maar jy kan die impuls Daarvan voel, Iets naby. 'n Sesde sintuig wat aandui Iets is naby.

⁶⁹ Kyk na Hom, vanmôre, wat dowe ore oopmaak, polio kreupeles hier laat rondloop, asof daar niks daar verkeerd was met hulle nie. Wat is dit? Dis die inner—sintuig. Ek bedoel, die sintuig, die sesde sintuig wat bewus is, die gees, dat Iets naby is. Hê geloof in God!

⁷⁰ Nou, hulle het nie, hy het Dit nie eers gesien nie. Maar, Elía het Dit waarskynlik nie gesien nie, maar hy het gevra vir die seun se oë om Dit te sien. Maar Elisa was bewus dat Hulle daar was. Amen.

Thomas, het eenkeer gesê: “Laat my my hande in Sy sy sit.”

⁷¹ Jesus het gesê: “Nou sien en glo jy. Hoeveel groter is hulle beloning wat nog nooit gesien het nie, en tog geglo het.” Dis ons vanaand, aan wie ook al sal glo, sonder om te sien.

⁷² En let op. Toe het Elía uitgestap daar na waar hierdie omstandigheid was, en hy het vir hulle gesê. Eers, het hy soontoe uitgegaan, en die Bybel het gesê: “Hy't hulle met blindheid getref.” Blind; en reguit uitgeloop na hulle toe. Elkeen het volmaakte sig gehad, sover ek weet. Maar die Skrif het gesê: “Hulle was blind.”

⁷³ 'n Kêreltjie, het 'n paar aande gelede, vir my gesê: “As jy 'n man van God is, maak my blind.”

Ek het gesê: “Jy's alreeds blind.” Sien? Sien? Alreeds blind!

⁷⁴ Let op. En hy het daar uitgestap, na waar hierdie groot omstandigheid was, hierdie groot ding was. En hy het gesê: “Soek julle na Elía?”

Gesê: “Ja.”

⁷⁵ Gesê: “Komaan, volg my. Ek sal julle reguit na hom toe neem.” Elía het dit vir hulle gesê. Waarvoor was hulle blind? Hulle was blind vir die feit dat daardie die profeet van God was. Hulle was blind daarvoor. En hy het hulle net reguit afgelei in die hinderlaag, weer. Gesê: “Komaan, ek sal vir julle Elía wys,” en dit was Elía wat hulle soontoe geneem het.

⁷⁶ En toe hulle omgekyk het, en gevind het dat hulle rondom, omring was. Die koning het gesê: “My vader, moet ek hulle verslaan?”

⁷⁷ Hy het gesê: “Sou jy 'n gevangene neem en hom slaan?” Gesê: “Gee hulle iets om te eet, en stuur hulle terug na hulle land.”

⁷⁸ Dis die manier om oorloë te besleg. Is dit nie reg nie? Sekerlik. O, goeiste! As ons net daardie beginsel sou aanvaar, vandag, om jou vyand te voed. “Doen goed aan hulle wat sleg doen aan jou.” Amen.

⁷⁹ Daar, nou, die blindheid. Nou, Elía . . . Of, ek bedoel, nou nie Elía nie.

⁸⁰ Maar, Daniël, Daniël het vooruit gesien. Hy was ’n profeet. Hy’t die koms van die Here gesien. Hy het die endtyd sien kom. Hy het die Heidene sien begin.

⁸¹ En as julle oplet, die Heidene het begin met ’n—’n afgodediens. Hulle het ’n groot afgod aanbid wat buite in die veld gesit het, ’n afgod van ’n man: Ek glo, Daniël, self. Want, Koning Nebukadnésar het hom “Bélsasar” genoem, wat sy god was, en hy het ’n beeld van ’n regverdige, heilige man begin aanbid. En Daniël het geweier om dit te doen; sou ook—ook die Hebreeuse kinders, die Sadrag, Mesag, en Abednégo.

⁸² Dis hoe dit ingebring was. En dit was veroordeel; daardie kop van goud, was ingebring deur beeld—aanbidding, geforseer tot dit, en opgeëindig in ’n bonatuurlike Hand, wat ’n bonatuurlike taal skryf wat slegs bonatuurlike begrip dit kon verstaan. Amen.

⁸³ Dis hoe die Heidenkoninkryk ingebring is, en dit sal op dieselfde manier uitgaan, dis reg, deur bonatuurlike werke, bonatuurlike uitleg. Julle weet waarvan ek praat. Die werking van die bonatuurlike, o, hoe wonderlik! Is julle nie bly vanaand, julle glo in die bonatuurlike nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Ja.

⁸⁴ Nou, toe, na hierdie visioene, het Hy hom net gewys waar die volke sou staan. Hy het hom gewys hoedat daar net soveel jare nog afgehang het van die Jode. Hy het gesê: “Die Messias sal kom. Hy sal profeteer in die sewentig weke, wat drie—en—’n—half jaar is. In die middel daarvan, sal Hy afgesny word, wat sewe jaar is. Sewentig weke is bepaal vir jou volk. Sewe jaar van profesie aan die Jode.” Hy het gesê: “En Messias, die Prins, sal kom en profeteer. In die middel van die sewe weke, sewe dae, sal Dit afgesny word. In die gruwel, wat verwoesting aanbring, sal staan in Sy plek. En hulle sal die mure van Jerusalem vertrap, Heidene, vir ’n tyd, tyd, en halwe tyd.”

⁸⁵ Nou, toe Messias gekom het, Jesus, het Hy presies drie—en—’n—half jaar gepreek, en is afgesny vir ’n Offer. Die daaglikse offerhande is weggeneem. En die verwoesting, die gruwel wat verwoesting aanbring, die Moslem van Omar, is staangemaak vandag in die plek van die heilige tempel. Die moskee van Omar, staan presies waar die tempel gestaan het.

⁸⁶ En hy het gesê, dat: “Hulle sal die mure van Jerusalem vertrap, oor Jerusalem, totdat die tye van die nasies vervul is. Maar, aan die einde van die Heidene, sou daar steeds drie—en—’n—half jaar wees, nog, vir die Jode.”

⁸⁷ Nou let op een van die mees treffende dinge van profetiese geskiedenis.

⁸⁸ Ek maak nie aanspraak om die profesie van die Bybel te ken nie. Maar hierdie is soos die lees van ’n koerant; duideliker. En, wat ons Hier lees, weet ons is die Waarheid.

⁸⁹ Let op, tweeduisend, ja, vyf—en—twintig honderd jaar, is die Jode verstrooi na elke nasie onder die Hemel. Soos God Farao se hart verhard het, hulle terugbring; Hy het Hitler se hart verhard, Mussolini se hart, ensovoorts, totdat hy hulle teruggedryf het na Palestina. Teruggekom, het hulle weer vir hulle ’n volk gemaak. En op die sesde Mei 1947, is die Joodse vlag opgerig oor Israel, vir die eerste keer vir vyf—en—twintig honderd jaar. Die oudste vlag in die wêreld, is opgerig vir die eerste keer in vyf—en—twintig honderd jaar. En Hy het gesê, in die laaste dae: “Hy sou ’n banier oor Jerusalem oprig,” om te wys die tyd is op hande.

⁹⁰ En let op, hier nie lank gelede nie, het ek ’n profetiese band van daar af sien speel. En hulle bring daardie Jode in, by die duisende, met vliegtuie. Julle het dit gesien in die koerant, ensovoorts. *Look* en *Life* tydskrifte het dit geplaas. Duisende Jode wat terugkeer! En hulle het hulle gevra, gesê: “Waarvoor keer julle terug?” “Ou, kreupel mense, hulle gedra op hulle rûe, hulle jonges het. Gesê: “Kom julle terug na die tuisland om te sterf?”

Gesê: “Nee. Ons kom terug om die Messias te sien.”

⁹¹ Jesus het gesê: “Wanneer julle die vyeboom sien bot, en al die ander bome sien bot, weet dat die tyd naby is, of lente naby is, somer. So, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, hef op julle hoofde, julle verlossing is naby.”

⁹² Vanaand, soos hierdie wêreld gefynkam is deur kommunisme! O, ek het ’n tyd gelede met ’n man gepraat, oor die... een van die beste gesaghebbendes, reken ek, waarvan ek weet. En toe hy dinge gepraat het oor hierdie volk, en kommunisme, sou dit julle skud tot op julle knieë, reg, hoe dit gefynkam is. Daar’s niks standvastig meer nie, kwalik selfs in ons eie land.

⁹³ Daar’s net een standvastige ding wat ek weet sal staan, dis die Rots, Jesus Christus. Ons ontvang ’n koninkryk wat nie beweeg kan word nie. En in hierdie dag wanneer alles anders val, het ons ’n standvastige fondament, die Here Jesus Christus. Kom Daarin, vriende. Dis ’n beskutting in ’n tyd van storm. Wat ’n wonderlike ding!

Hy het al hierdie dinge sien gebeur.

⁹⁴ Ons sien nou die Jode. Die Bybel het gesê dat Jerusalem . . . En dit sou blom soos 'n roos. En hoe hulle daardie land besproei het! En hulle ook . . . Die profeet het gespreek en gesê: “Daardie dag, dat, water uit die noorde sal kom.” Daar was toe geen water nie, geen fontein toe daar nie. Maar in die laaste paar jaar, het daar 'n spuitbron opgekom, en dit maak die valleie nat. En hulle besproeing is een van die beste boerderydele vir sy grootte, in die wêreld.

⁹⁵ En al daardie groot chemikalieë reg in die Dooie See. Daar word genoeg chemikalieë in die bodem daarvan gevind, wat al die rykdom van die wêreld dit nie kan koop nie; die chemikalieë, uranium en alles anders, reg in die bodem van die Dooie See, wat nou aan Israel behoort.

⁹⁶ “Vyeboom wat bot.” Nie alleen dit nie, maar die ander bome bot ook. Die kommuniste bot. Die anti—chris bot.

⁹⁷ En die Kerk van God bot. Sy blom weer uit in Haar krag. Die bladwurm het deel daarvan geëet, die trekwurm het deel daarvan geëet, die haakwurm het deel daarvan geëet, die rusper het deel daarvan geëet, maar God het gesê: “Dit sal weer lewe.” Sy bot nou.

⁹⁸ Die bome bot. Daniël het dit vooruit gesien, en gejuig. Nou, in dié tyd, het hy gesê: “En in dié tyd . . .” Die 12de hoofstuk.

En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees . . . daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op . . . tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.

⁹⁹ O, goeiste! Is jy nie bly jou naam is in Sy Boek nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Toe hy, Daniël, hier oorkant, Hom gesien het: “Gekom na die Oue van dae, Wie se hare so wit soos wol was. En Hy het die Boeke opgemaak. En hulle is geoordeel, elke mens, uit die Boeke,” die groot Wit Troon Oordeel.

¹⁰⁰ Nou, Daniël word hierdie versekering gegee, en aan die einde van die Heidenbedeling. Lees die . . . Wanneer julle huis toe gaan, en môre, lees die 11de hoofstuk. Julle kan sien hoe die koning van die noorde afkom, wat niks anders is as Rusland, wat afkom om daarteen te druk, soos 'n warrelwind nie. En die groot Slag van Armageddon sal net daar geveg word naby die poorte van Jerusalem. Let op. O, ek hou hiervan!

. . . maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek, die Lam se boek van die lewe, opgeskrywe is.

101 “Migael, die groot vors, sal optree vir” (wat?) “vir jou volk.” Goed.

En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, (wanneer?) wanneer hierdie tye plaasvind, en sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgrysliekheid.

102 Net so seker as wat daar ’n ewigdurende Lewe is, is daar ’n ewigdurende heengaan. Dit hang af van hoe jy Jesus Christus in jou lewe behandel. As jy Hom liefhet, en wedergebore, en Sy Gees het, het jy ewigdurende Lewe. As jy dit nie het nie, het jy nie ewigdurende Lewe nie. As jou naam geskrywe is op die Lam se Boek van die Lewe, het jy onsterflike Lewe. As dit nie Daar geskrywe is nie, sal jy nie herken word nie.

103 Wat is dit? Al daardie profesieë is vervul; alles, reg af tot hierdie tyd.

104 Die kop van goud het verbygegaan, soos Daniël gesê het dit sou, die Babiloniese koninkryk.

105 Wat dit sou opvolg, het hy gesê, sou die Medes en Perse wees. Hulle het die Babiloniese koninkryk opgevolg.

106 En hulle het weggeval, aan (wie?) die Grieke, Alexander die Grote.

107 En hulle het weggeval, aan (wat?) die Romeine. En die Romeine het opgebreek, na die hele wêreld, die oos en wes Rome, die twee bene.

108 En hy het gesê: “Yster en klei was op die tone; die tien tone, die tien koninkryke.” En hy het gesê hulle sou nie meng nie. En hulle sou onder mekaar trou; Romanisme en Protestantisme.”

109 “En in daardie dag,” wanneer hierdie ding bestaan: “toe is die Rots uitgekap uit die berg, sonder hande, en het ingerol en die ding stukkend gebreek.” En Dit het die plek van die beeld ingeneem.

110 So, my broers, ons het probleme, vanaand. “Oorloë, gerugte van oorloë; aardbewings in verskillende plekke; benoudheid van tyd, spanning tussen volke.” Ek het pas teruggekom van oorsee, en ek het nie ’n volk gesien, wat nie in hulle skone bewe nie. Hulle weet nie wat volgende gaan gebeur nie.

111 Maar is ons nie vanaand dankbaar, dat ons weet wat volgende gaan gebeur nie! Die Here Jesus Christus sal die tweede keer kom, in glorie en majesteit! En elke man of vrou wat in die Lam se Boek van die Lewe geskrywe staan, sal opstaan saam met hulle geliefdes, om die Here in die lug te ontmoet. O, wat ’n wonderlike ding! Dis hoekom ons sê:

Ons hoop is gebou op niks minder
 As Jesus se Bloed, met regverdigheid;
 Alles om my siel gee pad,
 Hy's ons hele hoop en krag.

112 “En in dié tyd, sal Migael, die groot vors optree.” Migael was Christus, natuurlik, Wie die Engeloerloë in die Hemel gevoer het, met die duiwel. Satan en Migael het saam geveg, of teen mekaar geveg, liewer.

113 En, nou: “En in dié tyd,” het hy gesê: “is soveel as wat in die Boek opgeskrywe was, gered. En diegene wat reg gedoen het...” Kyk hierna.

En die—die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel; en soos die...en dié wat baie tot regverdigheid weg lei, soos die sterre vir ewig...

114 Ek kyk partykeer daarna, en ek dink, broers. Ek gaan uit, in die oggend. Ek hou daarvan om vroeg op te staan. Hou julle nie daarvan om vroeg op te staan nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

115 Ek onthou toe ek en broers in die berge was. Baie vroeg in die oggend, rondom vieruur, sou ons opstaan. Kyk, wat daaragter gehang het, en daar was die môrester. Dit word baie donker net voor die dag breek.

116 Ons sien nou die duisternis bymekaarmaak. Wat is dit? Dis die Lig wat teen die duisternis druk. Een moet padgee.

117 Al die kruipende goed wat gehardloop het deur die nag, wanneer daardie son opkom, kruip hulle weg, wanneer die lig skyn. Nag en duisternis...Nag en lig kan nie in dieselfde gebou bestaan nie. Dis óf donker óf dis lig. En lig is soveel magtiger as duisternis.

118 So is Christus soveel magtiger as al die vyande van die wêreld.

119 Nou, ons word geleer deur wetenskaplikes; soos die lig begin kom, pers dit die duisternis saam. En die duisternis maak sy hele skaar bymekaar, om te veg teen die lig, maar die lig hou stand en kom aan.

120 En die Bybel het gesê, in die laaste dae, dat: “Satan sou rondgaan soos ’n brullende leeu.” Hy maak bymekaar, al sy vyande, al sy vriende, ons vyande, en versamel hulle bymekaar; hoop op onder ’n groot hoof, die merk van die dier, in die kerklike sfere, die konfederasie van kerke. Verenig almal en maak hulself ’n groot organisasie, dieselfde as Katolisisme.

121 En die wêreldryke verenig hulself saam, en vorm ’n groot hoof daar oorkant, in die politieke sfere, genaamd kommunisme.

¹²² En die Lig van God druk voort. Wat gebeur terselfdertyd, om dit te maak? Die Christen Kerk, die Kerk van die Lewende God, word gesalf. Krag kom na Haar toe. Sy ontvang die Heilige Gees.

¹²³ Verlede jaar, in die volle Evangeliesfere, was 'n miljoen vyfhonderdduisend bekerings. Die grootste wat die land deurkruis het, vir jare na jare. Ons is nie meer in 'n steeg nie. Ons is bo—op 'n hallelujalaan. Ons is nie meer in die skuur nie. Eenmiljoen vyfhonderdduisend bekerings in die volle Evangelie geleedere, verlede jaar, het Katolisisme en alles anders opgevolg. O, goeiste!

¹²⁴ Wat is dit? Lig maak bymekaar. Groot genesingsdienste het die aardbol deurkruis. Halleluja! Ver in, onderin in Formosa, gaan genesingsveldtogte aan. Ver onderin Japan, gaan genesingsveldtogte aan. Bo in die bevrore gebiede van die noorde, gaan genesingsveldtogte aan. Om die wêreld, genesingsveldtogte! Halleluja! Mense ontvang die Heilige Gees, van oral. Ons is aan die endtyd.

¹²⁵ Wat doen dit? Dan sê die duiwel: “Nou is my tyd.” Hy versamel sy magte. Konfederasie van kerke wat dit probeer stop, sê: “Hulle is niks anders as 'n klomp geraaskaste nie. Daar is niks aan hulle nie. Dis alles fanatisme. Daar is glad nie so—iets soos werk in die Bonatuurlike nie.”

¹²⁶ En terselfdertyd, die hoof van Amerikaanse . . . die mediese vereniging skryf 'n stuk in die koerant, en het gesê: “Geen mens het 'n reg om in 'n siekekamer in te kom, om die mense te bedien, wat nie glo in Almagtige God en Hom aanvaar as sy helper nie.” *The Christian Herald*, wat verlede maand onderhoude gevoer het met dokters, het berigte gegee wat ek nie self kon skryf, as ek daaroor probeer spog het nie. Wat is dit? Te midde van alles, sal God Sy vyande laat getuig tot Sy glorie. Ja, meneer. Die dokter het gesê: “Ons kan slegs hulpmiddels toedien, maar God is die geneesheer.”

Ek het gesê: “Daardie groot manne vind nou net uit wat ons klomp onnosels die heeldyd geweet het.” Dis reg.

¹²⁷ Een van hierdie glorieryke dae, sal julle uitvind dat hierdie klomp Krag, wat hoere verander na dames, en dronkaards na here en Christene, is die einste Mag wat hulle uit hierdie aarde sal lig en hulle Huis toe sal neem in die Wegraping, na Heerlikheid. Dit mag te laat wees; dit mag te laat wees vir baie.

¹²⁸ “In daardie dag, sal Migael optree vir die volk.” Hy tree nie vir die nasies op nie. Hy tree vir die volk op. “En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot ewige smaadheid en afgrysligheid. Maar dié wat verstandig is en baie lei na regverdigheid, sal glinster soos die sterre vir ewig en ewig.” Halleluja!

'n Tent of 'n hut, hoekom sou ek omgee?
Hulle bou vir my 'n paleis Daar oorkant.
(Kom oor om my eendag te sien!)

¹²⁹ Wat is dit? Ek het uitgestap en gekyk na daardie groot môrester, soos sy oorkant toe begin beweeg. Wat sê die môrester? Die môrester weerkaats slegs die hoogste lig van die son wat kom. Is dit reg? Die môrester, die rede waarom dit so helder is (weet julle hoekom is dit?), die son is soveel nader daaraan. Dit druk voort. En die môrester kondig die koms van die son aan.

¹³⁰ Goed, julle môresterre, dis tyd om Sy Koms aan te kondig! Skyn, Môresterre! Staan vroeg op! Dit sê: “Die Seun sal binnekort hier wees!”

¹³¹ Wanneer ons kyk en daardie môrester sien, soos dit glinster in die hemele, beteken dit dat die son binnekort sal skyn.

¹³² En wanneer ons die Môresterre van God sien, wat opkom en skyn tot die glorie van die opstanding van Jesus Christus, wys dat die Allerhoogste voortdruk. Die ligte versamel, maar die Môrester skree: “Hou uit! Dit is nie lank voor daglig nie.” Hou uit! Dis nie lank voor dagbreek nie. Hou net uit. Soos Suster Murphy en hulle altyd gesing het: “Hou net uit; daglig kom gou.” Hou uit tot hulle. . . Die Môresterre skyn nou vir die wêreld, verlig die wêreld, net voor die groot duisternis, en die groot donderslag uit die Hemel, die Koms van die Here.

Luister aandagtig nou. Nou hy het gesê. . .

¹³³ Ek het gekyk na die môrester, en ek het gedink: “O, môrester!” Ek het afgekyk. . .

¹³⁴ Eendag, het ek en Broer Woods daarbo gestaan. Hy het pas die vuur aangesteek, en ons sou ontbyt kry. En ek het omgedraai en na die môrester gekyk. Daar uitgeloop in daardie sederbosse; en die winde wat deur die denne fluister. Ek het daar gestaan. Goed gevoel, daardie goeie, vars môrelug ingeasem; en dit soort van ryperig, baie geryp. Gaan af na die spruit, kry 'n emmer water, vries voor jy bo kom.

¹³⁵ Daarbo gestaan en my hande opgesteek, daarbuite in daardie denne. Ek het gekyk na die môrester. Ek het gedink: “O, kyk hier, wat vyf—en—veertig jaar aan my gedoen het.” Ek het gesê: “O, kyk hier. Ek raak geplooi. My hande raak geplooi; hare glip uit; tande gaan. O, wat vyf—en—veertig jaar aan my gedoen het. Maar,” het ek gesê: “kyk daar, daardie môrester is net so mooi en helder as wat dit was die dag wat God dit: ‘whew’ afgeblaas het van Sy hande, en gesê het: ‘Laat dit skyn.’”

¹³⁶ Toe het ek gedink aan hierdie Skrif. Ek het gesê: “Maar God het belowe, as ons verstandig sal wees en baie lei na geregtigheid, sal ons vir ewig helderder skyn as die sterre.”

¹³⁷ Ek het gedink: “Môrester, jy skyn nou, maar wag tot ons daar kom. Halleluja! ‘Vir ewig helderder skyn as die sterre!’”

¹³⁸ En ek kon daardie wind teen die heuwel hoor afkom, net rondom dagbreek, wat deur daardie denne suis, en sê:

Daar’s ’n Land oorkant die rivier,
Wat ons die soete ewigheid noem,
En ons kan daardie oewer slegs bereik deur
geloofsgraad;
Een vir een bereik ons die poort,
Om daar te woon saam met die onsterflikes,
Wanneer hulle daardie goue klokke lui vir jou
en my.

¹³⁹ Wat ’n groot ding! “Die verstandiges sal baie lei na geregtigheid, en hulle sal vir ewig en ewig helderder skyn as die sterre.”

¹⁴⁰ So watter verskil maak dit, in elk geval? Waarvoor is hierdie klein ou tydsbestek hier? Hierdie ou stoffie van die aarde, ruggraatlose wurm, ou sterflike liggaampie wat moet vergaan en teruggaan na die stof, en velwurm sal dit opeet! O, goeiste! Laat my opstaan met alles wat in my is, en skyn tot die glorie van God! Lê elke las af, dat die Heilige Gees Sy magte en heerlijkheid kan uitstuur, deur die prediking van die Evangelie en die genesing van die siekes, om te bevestig dat Jesus Christus opgestaan het uit die dood. O, goeiste!

. . . vir ewig vir ewig.

En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; want baie sal heen en weer hardloop, en die kennis sal vermeerder.

En ek, Daniël, het aanskou en het gesien, en kyk, daar het twee ander gestaan, die een duskant op die wal van die rivier, en een op die ander . . . kant op die wal van die rivier.

En die een het aan die man, met linne bekleed, (Heilige Gees) wat bo—oor die water (volke en menigtes) van die rivier was, gesê . . .

¹⁴¹ Heilige Gees op die mense! O! Halleluja! Die Heilige Gees!

¹⁴² Openbaringe 15:16 sê, dat: “Die digtheid en menigtes. Die water beteken ‘digtheid en menigtes van mense.’”

¹⁴³ “En hier is Een in wit linne, wat Homself op en af wuif, oor die waters, met Sy hande op na die Hemel, wat sweer by Hom wat lewe vir ewig en ewig: ‘Wanneer hierdie dinge gebeur, sal tyd nie meer wees nie!’” Halleluja!

¹⁴⁴ “Tyd sal nie meer wees nie!” Dit gesweer, wanneer ons die nasies sien opbreek, en dinge sien gebeur soos daardie: “Is die verborgenheid van God alreeds voltooi.”

145 Wat is dit: “Die verborgenheid van God”? “God in julle, die hoop van Heerlikheid,” wat voortsryn, die doop van die Heilige Gees!

146 Toe het Hy gesê: “Wanneer hierdie dinge gebeur, sal tyd nie meer wees nie.”

147 “Diegene wat hulle God ken,” het Daniël gesê. “In die laaste dae, sal baie heen en weer hardloop, kennis sal vermeerder. Maar diegene wat hulle God ken sal optree in die laaste dae.”

148 “Hulle sal optree.” O, optrede van geloof kom voort, om die wêreld, vanaand, oor en oor. Reg oor die nasies, groot veldtogte! Die blindes sien. Die dowes hoor. Die kreupeles loop. Mense van alle lewenswandels kom in. Hulle ontvang die Heilige Gees; nie slegs die arme en armlastige nie, maar die miljoenêr en alles anders. God neem en plaas sy kleed op elkeen, en gee hulle ’n uitnodiging na die Bruilofsmaal.

149 En die groot Hoëpriester, Melgisédek, sal eendag kom. En ons sal die nagmaal eet, opnuut, saam met Hom, in die Koninkryk van God, een van hierdie groot, glorieryke dae! O, ek is so bly, vanaand, om in die Koninkryk te wees! Ja, meneer. Een groot dag, een wonderlike dag: “Sal tyd nie meer wees nie!”

150 Sien, ons kom uit Ewigheid uit. Ons was, voor daar ’n wêreld was. Het julle dit geweet? God het die mens gemaak na Sy Eie beeld.

151 “Waar was jy,” het Hy vir Job gesê, toe Job gedink het hy het ’n bietjie wysheid. Gesê: “Waar was jy toe Ek die wêreld gegrondves het, voor Ek dit gevestig het, toe die seuns van God saam gesing het, en die môresterre uitgeroep het van vreugde?”

152 “Die môresterre uitgeroep het van vreugde.” Daardie skynendes het uitgeroep van vreugde, toe hulle gesien het dat hulle eendag hier op aarde getabernakel sou wees, en die Koning Melgisédek sou kom in die geregtigheid van God, en Sy lewe sou gee, om ons te verlos tot God, weer terug, en nou skynende sterre vir ewig en ewig.

153 “Waar was jy toe Ek die wêreld gegrondves het? Verklaar waar hulle dit vasgehaak het. Sê my waarop hulle staan?” Gesê: “Omgord jouself. Ek wil met jou praat soos ’n man.” En Job het op sy aangesig geval soos ’n dooie man. Hy kon dit nie verduur nie. God was daar. Daar het julle dit. “Waar was jy toe ek die wêreld gegrondves het?”

154 Hierdie glorieryke Evangelie is geprofeteer deur die Ou Testamentiese profete. Dit het afgekom deur die eeue. Dis hier vanaand. Dis bevestig deur God. Sy het die wêreld deurkruis. Hulle het Dit probeer uitsit.

¹⁵⁵ Maar probeer 'n vuur doodmaak op 'n wonderige dag, en 'n—en 'n droë hout in 'n bos? Wel, jy kan dit nie doen nie. Hoe meer jy daarmee veg, hoe meer wind gee jy dit; meer wind jy dit gee, harder sal dit brand. Dis die enigste ding.

¹⁵⁶ Ons sou 'n klein vuurtjie hê, buite in die berge, toe ek destyds probeer het om 'n vuur te laat brand, vroeg in die môre. Ek sou daar uitgaan en 'n paar stokkies daarop gooi; sou begin rook. Ek weet, so seker as wat daar 'n bietjie rook is, is daar vuur daar iewers. Die enigste ding wat ek moes doen, is my hoed neem en dit begin waai, en dit het uiteindelik vlam gevat.

¹⁵⁷ Dis wat die Kerk vandag nodig het, is nog 'n waai van die magtige Rukwind wat op die Pinksterdag geval het, om Dit weer terug te waai in die Geloof, om die Here Jesus Christus by Sy koms in Heerlikheid te ontvang.

¹⁵⁸ Kyk na die tekens, wonders, geheimsinnige dinge wat gebeur. “Aardbewings in verskillende plekke; vloedgolwe wat die wal breek,” net soos Jesus gesê het sou maak: “mense se harte wat faal; vrees.”

¹⁵⁹ Vrees: “O, wie gaan die eerste kobaltbom gooi? Wat gaan gebeur? Binne 'n paar uur gaan die hele wêreld vernietig word.” Tog, ons sou in die Teenwoordigheid van God wees voor dit nog uit die vliegtuig val. Dis reg. Wat sal dit wees? Dit sal niks wees nie, maar ons sal hierdie ou vleeskleed laat val.

Ons sal laat val, en opstyg en die ewige prys
aangryp,

En skree terwyl ons deur die lug trek,
“Vaarwel, vaarwel,” soet uur van gebed.

¹⁶⁰ Dit sal alles verby wees, en ons sal Huis toe gaan. Hierdie ou liggaam aflê; dit verruil vir 'n kroon en 'n kleed, oorkant, wat nie sal vervaag nie. Verander vanaf 'n ou man, 'n ou vrou, na 'n jong persoon, om vir ewig en ewig te lewe, helderder te skyn, en onsterflikheid, om op en af in die strate van Heerlikheid te loop, in die Teenwoordigheid van die Here Jesus Christus. Sing: “Eer aan God in die Hoogste! Hy het groot dinge in ons midde gedoen.”

¹⁶¹ Terwyl ons in die reis is vandag, met God se Krag wat alles bevestig aan elke kant, laat ons rondkyk en sien waar ons is. Kyk na die vyeboom wat bot. Kyk na die ander bome wat bot. Kyk na die nasies wat bot. Kyk na die Heilige Gees Kerk wat bot. Kyk na die Pinkster wat herhaal, terugkom, dieselfde tekens en wonders. Halleluja!

Sal ons bid.

¹⁶² Hemelse Vader, ons dank U vanaand, vir die Krag van die opstanding van Jesus Christus, vir Sy groot almagtige Wese, vir Sy salwing van die Heilige Gees. Ons dank U omdat Hy hier

is nou, lewend, ewiglewend, wat voorspraak maak volgens ons belydenis. Ons dank U vir Sy Genesingskrag, wat ons gegryp het as brandende houte, Here, ons uit die graf gebring het, ons opgewek het en ons krag hernu het, en ons Krag gegee het, dat ons mag voortgaan en skyn hier in hierdie duisternis. Ons dank U hiervoor.

¹⁶³ Vader, ons bid dat U elkeen wat ongered is, sal seën. Seën al die gereddes. Skenk dit, Vader. Genees al die siekes; ontvang glorie. Seën hierdie tabernakeltjie. Seën die mense. Seën Broer Neville, die pastoor. Seën al die diakens, die trustees. Skenk dit, Here. Lê U genesingshande op hulle. En as die duiwel inkom en verskillertjies veroorsaak, genees dit, Here, sommer vinnig, met die Balsem van Giléad. Skenk dit, Here. Giet die salwingsolie oor hulle. Maak hulle nederig van hart, soet van siel. Mag hulle wandel in die voetstappe van die Here Jesus. Die fisiese dinge met hulle gebeur en hulle siek word. Mag die Engel van God naby staan, om die Bloed van Jesus aan te wend. Skenk dit. Genees al die siekte.

¹⁶⁴ Help my, Here, soos ek uitbreek oorkant in die velde in, daardie groot nood raaksien. Watter nood in die dag! Miljoene het gesterf. 'n Honderd vier—en—veertigduisend heidene het vandag gesterf, sonder om Christus te ken. Help my, Dierbare God. Seën ons almal, tesame.

¹⁶⁵ En eendag, wek ons op uit hierdie aarde, oorkant, Here, om by U te sit in U troon, in die Hemelse plekke daarbo, in Christus Jesus. Skenk dit, Vader. Tot daardie tyd, mag gesondheid en krag ons s'n wees, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

O, ek wil Hom sien, ek wil in Sy gesig kyk,
Daar te sing vir ewig van Sy
verlossingsgenade;

Op die strate van Heerlikheid laat my my
stem verhef;
Sorge verby, Tuis oplaas, ewig te verbly.

Soos ek deur hierdie land reis, singend soos
ek gaan,
Siele wys na Gólgota, na die skarlakenvloed,
Deurboor baie pyle my siel van buite, binne;
Maar my Here lei my aan, deur Hom moet ek
wen.

O, ek wil Hom sien, in Sy gesig kyk,
Daar te sing vir ewig van Sy
verlossingsgenade;

Op die strate van Heerlikheid laat my my
stem verhef;
Sorge verby, Tuis oplaas, ewig te verbly.

¹⁶⁶ Nou luister, net 'n oomblik. Hoeveel Metodiste is hier? Steek julle hande op, Metodiste. Hoeveel Baptiste is hier? Steek op julle hande. Hoeveel Presbiteriane hier? Steek op jou hand. Hoeveel Nasaréners? Steek op julle hande. Hoeveel Pinksters? Steek op julle hande. Hoeveel Lutherane? Steek op julle hande. Wel, ons is almal hier. Kyk, 'n yslike groot groep, deurmekaar, wat almal in een plek sit, in Hemelse plekke, in die Seëning verbly.

¹⁶⁷ Nou wil ek hê die Metodiste moet hande skud met die Baptiste, die Baptis met die Lutheraan. Draai nou om en skud mekaar se hande. En draai terug na hierdie kant, nou, terwyl ons dit sing.

Siele wys na Gólgota, na die skarlakenvloed,
Deurboor baie pyle my siel van buite, binne;
Maar my Here lei my aan, deur Hom moet ek
wen.

O, ek wil Hom sien, in Sy gesig kyk,
Daar te sing vir ewig van Sy
verlossingsgenade;
Op die strate van Heerlikheid laat my my
stem verhef;
Sorge verby, tuis oplaas, ewig te verbly.

¹⁶⁸ Laat dit julle nie goed voel nie? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Laat dit julle nie voel asof julle almal... Hoeveel Christene is hier? Steek julle hand op. Elkeen wat glo aan die Here Jesus Christus, steek op julle hand. O, goeiste! Wat 'n wonderlike ding!

¹⁶⁹ Nou soos ons skei, soos ons gaan, vanaf ons verskillende huise, laat ons gaan met gebed. Nou laat ons ons goeie, ou verdagingslied sing. Hoeveel ken dit? *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*. Almal saam nou. Laat ons sing.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem Dit, oral met jou mee.

Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
(O hoe soet!)


Aardse hoop en Hemelvreugd;
Ja, dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Luister.

Voor die Naam van Jesus buigend,
Plat neerval voor Sy voete,
Koning van konings sal ons Hom in die
Hemel kroon,
O, wanneer ons reis verby is.

Dierb're Naam, O hoe soet! (O hoe soet!)
 Aardse hoop en Hemelvreugd;
 Dierb're Naam, O hoe soet!
 Aardse hoop en Hemelvreugd.

170 Hier is wat ek wil hê julle moet doen.

Neem die Naam van Jesus met jou,
 As 'n skild teen elke strik;
 Wanneer versoeking jou omsingel,
 Prewel daardie heilige Naam in gebed.
 Dierb're Naam, (dierb're Naam) O hoe soet!
 Aardse hoop en Hemelvreugd;
 Dierb're Naam, (dierb're Naam) O hoe soet!
 Aardse hoop en Hemelvreugd. 

BEGIN EN EINDE VAN DIE HEIDENBEDELING AFR55-0109E

(Beginning And Ending Of The Gentile Dispensation)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 9 Januarie, 1955, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
 58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
 P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org